



Ek glo dit het sy depressie “getrigger”, en vanaf daardie tyd het ons hierdie pad gestap. Hy het wel al op nege jaar vir my gesê dat hy partykeer nie lekker voel nie, so asof daar niks is om na uit te sien nie. Ek het hom in graad 7 by ’n berader gehad en hy het vir ’n rukkie anti-depressante gebruik, maar hy het gekla dat dit hom soos ’n zombie laat voel en hy wou dit nie meer drink nie.

Ek ly self aan depressie en het sedert daardie tyd probeer om alles in my vermoë te doen om hom te help, en met tye het dit werklik beter gegaan. Teen Oktober 2008 het dit egter regtig sleg gegaan en het ek ’n afspraak by ’n psigiater vir hom gemaak, hier êrens aan die begin van November 2008. ’n Paar dae voor die tyd het hy egter gesê hy voel beter en dat ek die afspraak moet kanselleer.

Die Desember-vakansie was op hande en hy het regtig beter gelyk, maar aan die begin van Januarie 2009 het hy een aand op my bed neergeval en my gesmeek om hom te help, want, het hy gesê: “Mamma, dis my laaste twee jaar van skool en ek kan nie so aangaan nie.”

Ek het onmiddellik die volgende oggend vir hom ’n afspraak by my psigiater gemaak en so het ons die pad verder gestap. Die medikasie se newe-effekte was vir hom verskriklik en hy het so gesukkel om te konsentreer. My kind wat eens so goed op skool gedoen het, se punte het begin daal en hy het byvoorbeeld slegs 44% vir wiskunde gekry. Hy was ook deeglik bewus van die feit dat sy Graad 11-punte baie belangrik was vir universiteits- en koshuistoelating, en hy wou soos sy Ouboet Hendré graag in Veritas-koshuis op die Puk plek kry.

Ná die eerste kwartaal se punte het ek geen keuse gehad as om met die oueraand sy onderwysers te gaan spreek nie en ná gesprekke met hulle het ek besef dat ek my seun se “geheim” met hulle sal moet deel.

Daar was baie simpatie van hulle kant af en hulle het ook meer begrip gehad vir dit wat hulle as slegs ’n afwesigheid van Emile se aandag in die klas ervaar het. Hy het toe ook in hierdie tyd begin om ’n berader te sien, wat ’n wonderlike pad met hom gestap het en hom ook gehelp het om sy verhouding met die Here as meer persoonlik te beleef. Dit het nog baie sleg met Emile gegaan tot so in die helfte van die Julie-vakansie. Daarna het hy vir sy Ouboet in Potch gaan kuier en het hulle ’n wonderlike naweek saam beleef.

Die absolute hoogtepunt in Emile se lewe het egter gekom toe hy op 31 Julie 2009 as hoofseun aangewys is, soos sy ouboet vier jaar voor hom. Een van die onderwyseresse het my geskakel en gevra ek moet skool toe kom en agter in die saal wegkruip, en so het ek, sonder dat hy dit geweet het, beleef hoe hy as hoofseun aangekondig word. Hy het gestraal en die toespraak wat hy net daar en dan gemaak het, sou enige moederhart vinniger laat klop het.

Op 19 Augustus, op Hendré se 21ste verjaarsdag, is hy toe as hoofseun ingehuldig. Die Here het dit so beskik dat Hendré “toevallig” die aand vantevore huis toe gekom het en so kon hy toe ook deel van hierdie wonderlike geleentheid wees.

Weereens was Emile se toespraak wonderlik en het hy ook sy boetie bedank wat vir hom so baie beteken het. Vir 2-3 weke het Emile op 'n wolkie rondgeeloop, maar ek dink die werklikheid van sy verantwoordelikheid het toe tot hom begin deurdring. Daarvoor het hy sekerlik kans gesien, maar sy skoolwerk was in chaos. Hy was verskriklik moeg en het elke dag ná skool geslaap en ek het al hoe meer bekommerd geraak.

Op Saterdag, 19 September – presies 'n maand later – het Emile nog die oggend saam met sy mede-VLR-lede vergader om die volgende jaar se groentjekonsert te bespreek. Iemand het foto's geneem, en ek kon nie glo hoe gelukkig my kind gelyk het nie. Al sy maats het vertel hoe vrolik hy was en hoe hulle die dag geniet het. Die aand sou hy en my man saam na 'n ou gaan luister het wat baie goed kitaar speel. Emile was ook 'n kranige kitaarspeler. Nadat hy egter so drieuur die middag tuisgekome het, het hy vir Pieter gesê dat hy te moeg is en dat hy in elk geval vir 'n toets moet leer. In 'n stadium het ek in sy kamer ingegaan en het met hom baklei omdat hy op Facebook is en nie leer nie. Sy woorde, “Mamma het nie 'n flippen clue nie,” het ek later besef, het nie na sy skoolwerk verwys nie.

Ek en Pieter het toe besluit om maar gou iets te gaan eet aangesien dit my verjaarsdag was die volgende dag. Ek het vir Emile gesê dat ons vir hom iets sal bring om te eet en ons is so 18:00 weg. By die restaurant het ek drie keer my foon uit my handsak gehaal om hom te bel, maar elke keer teruggesit en gedink hy gaan net weer dink ek karring hom. Ons het om 19:21 by die restaurant weggery – ek is so seker, want ek het die kar se horlosie reggestel – en het gou by KFC gestop om vir hom 'n double crunch burger, sy gunsteling, te koop.

Toe ons om 19:35 by die huis instap, het ek na hom geroep, maar hy het nie geantwoord nie. Ek het met die trap boontoe geloop en op die helfte van die trap besef sy kamer se lig is af. Musiek van Hillsong het kliphard gespeel, maar hy het nie soos gewoonlik voor die rekenaar gesit nie. Op sy bed het sy kitaar en sy Bybel gelê. Die seuns se kamer word deur 'n dubbeldeur geskei, en toe ek in Emile se kamer kom en regs kyk, het ek sy bene op die mat in sy boetie se kamer gesien. My woorde was nog: "Ag Mielatjie, het jy dan nou hier op die mat aan die slaap geraak?"

Maar met die inloop sien ek die duik in die muur (ons het 'n houtraamhuis met "dry walling"), en die baie bloed by sy kop, en dink hy het geval. Maar toe sien ek die rewolwer by sy hand lê. My brein wou nie aanvaar wat ek sien nie.

Ek het beheer oor my blaas verloor en begin skreeu, so hard dat my keel te seer was om die volgende dag behoorlik te kon sluk. My man wat onder was, het opgehardloop, gesien wat aangaan en buite toe gehardloop en ook begin skreeu totdat my vriendin van oorkant die straat gekom het. Ek het dadelik begin soek vir 'n brief en een gekry wat hy op sy sleutelbord gelos het. Ek het my ander vriendin gebel, maar het so geskreeu dat sy nie eers kon hoor dat dit ek is wat praat nie. Daarna was die huis 'n miernes van mense, polisie, Netcare, ens. My vriendin van oorkant die straat het later gesê dat sy die skoot om 19:15 gehoor het, maar gedink het dat dit hulle buitedeur is wat toeklap. Ons het sy daad met net 20 min gemis.

Hulle het hom eers 01:15 die nag kom haal. Dit was vreeslik om te hoor hoe hulle my kind in 'n body bag sit, hom op 'n staal draagbaar die trap afdra, agter in 'n bakkie laai en met hom wegry.

Ek het sy brief weer en weer gelees: *Liewe Mamma en Pappa, ek wou nooit gehad het dit moes tot dit kom nie. Ek is net te moeg om aan te gaan... Dit is niemand se skuld nie... Ek is jammer, maar dink so daaraan. Of ek is vir altyd ongelukkig hier of vir altyd gelukkig daar bo... Ek is nou vir ewig by my Verlosser...*

Dit troos om te weet dat hy by Jesus is, maar op hierdie stadium maak dit nog nie die pyn en die verlange minder nie.

Raak dit ooit minder? Ek het hierdie ongelooflik godverlate gevoel aan die begin gehad, t.s.v die feit dat ek weet Hy sal my nie los nie. Ek was so kwaad vir Hom omdat Hy nie al my gebede vir Emile verhoor het nie, en ook vir Emile omdat hy dit gedoen het. Maar dan weet ek weer dat die Here sekerlik wel 'n plan het en dat dit nie selfmoord was wat Emile se lewe beëindig het nie, maar depressie.

Sy maats was gebroke en hulle het vir hom 'n pragtige gedenkdiens gereël wat op die 23ste September plaasgevind het Hulle het vir hom 'n boek gemaak waarin hulle briefies vir hom geskryf het en die hele klas het tot in hul matriekjaar oranje bandjies gedra, want oranje was sy gunsteling-kleur. Ons diens was op die 25ste September, uit die NG Moreletapark hier in Pretoria.

*Huisgenoot* het ons genader vir 'n onderhoud en ons het dit slegs gedoen omdat ons gedink het dat al kan ons net een kind help, ons blootstelling die moeite werd sal wees. Die artikel het in die uitgawe van 8 Oktober 2009 verskyn. Dit was so onwerklik om ons storie te lees. Ons wat nooit eers die *Huisgenoot* koop nie. Pieter het met so 'n bietjie humor gesê dat hy dink dat as Emile geweet het hy gaan op die voorblad van *Beeld* en in die *Huisgenoot* wees, hy dit “not to damn” sou gedoen het.

Maar a.g.v die artikel het baie mense ons al gekontak en kon ek al met 'n klompie tieners gesels wat aan depressie lei. Een meisie het gevra dat ek haar ma bel omdat sy (die ma) nie verstaan wat depressie is nie. 'n Vreemdeling het ook 'n groep op Facebook (Emile Page – Break the silence) begin. Dit was vir my so onwerklik om van my kind in die media te lees. Sulke dinge gebeur mos net met ander mense.

My oudste, nou enigste, seun, Hendré, het ook baie swaar gekry en vir hom is dit die ergste om nou die enigste kind te wees. Soms verstaan ek glad nie. Emile was my sesde swangerskap – ek het 'n paar miskrame gehad – en nou het ek net een kind!

Ek is egter dankbaar dat dit nou al soveel maande later is, al weet ek dat die gat altyd daar sal wees. Ons lewens sal nooit weer dieselfde wees nie. Selfmoord is soos geen ander dood nie. 'n Mens moet eers deur die daad werk voordat 'n mens by die dood kan uitkom, en dit neem baie tyd.

Hierdie is 'n lang en soms baie eensame pad. Die dood van 'n kind plaas ook geweldige druk op 'n huwelik, en selfmoord gee 'n ekstra dimensie. Daar is altyd selfverwyt en skuldgevoelens.

Die enigste gedagte wat werklik troos, is dat ek weet dat ons Emile weer eendag sal sien...